LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS



# 2027 | Bootreis: Jou klassieke Griekse Eiland ervaring

18 - 28 Augustus 2027

leefjoureis@twf.co.za | gerriepretorius.co.za

Uit die pen van

# Gerrie Pretorius

*Music was my first love but travel is my passion.*

Om waarlik die betekenis te verstaan van die woorde: “Leef Jou Reis” is om te ontdek, af te draai en die alternatiewe roete te vat. Om te eet en kuier saam met die plaaslike mense en onder hulle vel in te kruip sodat ons nie net bloot ‘n toeris is nie maar ‘n reisiger in die ware sin van die woord.

As boorling van Mosselbaai het ek die voorreg gehad om voet aan wal te sit op al 7 kontinente en met 85 lande se besoeke agter die rug wil ons jou saamnooi om deel te raak van ‘n reis familie.

Ons is die “cool kids” van reis en ons doen dit in styl...

Welkom by Leef Jou Reis.



# Bootreis: Jou klassieke Griekse Eiland ervaring

18 - 28 Augustus 2027

**R67 900** Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel*

**R79 800** Per persoon in 'n enkelkajuit*

## Verlaat die skares en kies die koers van die gode.

Hierdie besondere bootvaart is jou paspoort na die siel van klassieke Griekeland—'n reis wat die perfekte balans tussen avontuur op 'n boetiek seilskip en die eksklusiewe gemak van 'n privaat jag bied.

Ons verbind die Egeïese See se grootste ikone met haar bes bewaarde juwele: van die lewendige energie van Mykonos en Santorini en die antieke prag van Delos, tot die ongerepte rustigheid van Kythira en die historiese vestings van die Peloponnesos. Die beste manier om Griekeland te beleef is van die water af—stadig, intiem en met styl.








# Bootreis: Jou klassieke Griekse Eiland ervaring

18 – 28 Augustus 2027

**R67 900** Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel*
**R79 800** Per persoon in 'n enkelkajuit*

## DAG 1: 18 Augustus 2027

### Johannesburg

Ontmoet die Leef Jou Reis-span by die OR Tambo Internasionale Lughawe vanwaar ons buitengewone reis vandag begin. Maak jou reg vir 'n onvergeetlike avontuur deur klassieke Griekeland, waar antieke geskiedenis, ikoniese eilande en kristalhelder water op jou wag.

**(Alle etes aan boord)**

## DAG 2: 19 Augustus 2027

### Athene

Met aankoms in Athene wag 'n luukse bus op ons om ons na ons tuiste vir die eerste aand te neem. Ons boek rustig in en geniet 'n kort, welverdiende rus. Die res van die dag behoort aan jou om hierdie wêreldberoemde stad op jou eie te verken. Athene staan bo aan die historiese wêreldkaart, waar millennia oue monumente oor die stad waak, terwyl gesellige taverna's die ritme van die moderne Griekse lewe vier.

**Athene (Ontbyt en Verwelkomingsdrankie)**





### Kies jou eie avontuur:

- Verken die skilderagtige Plaka-buurt. Met sy smal, geplaveide straatjies, kleurvolle neo-klassieke huise en winkels vol plaaslike kuns, voel dit soos 'n dorpie binne-in die stad - reg onder die mure van die magtige **Akropolis.**
- Besoek die Akropolis en die ikoniese **Parthenon** vir 'n ontmoeting met die antieke gode of verken die wêreldklas Akropolis Museum om die skatte van naderby te bekyk.
- Vir die beste uitsig in die stad, neem die kabelkar of stap op na **Mount Lycabettus.** Van bo af sien jy die stad se rooi dakke uitstrek tot waar die blou van die Saroniese Golf die horison ontmoet.
- As jy van die gedruis hou, is die vlooimark by **Monastiraki-plein** 'n moet - 'n lewendige sentrum vol winkels, antieke plekke en tradisionele kos. Terwyl die Nasionale Tuin 'n koel, groen oase bied vir diegene wat net wil sit en die Griekse son geniet.
- Soos die son sak en die Akropolis bo die stad verlig word, nooi die talle straat kafees jou uit vir 'n eerste proe aan egte Griekse gasvryheid. Hierdie mengsel van antieke glorie en moderne sjarme is die perfekte begin van 'n onvergeetlike reis.

# DAG 3: 20 Augustus 2027

## Athene - Kea

Vanoggend slaap ons laat en elkeen geniet ontbyt op sy eie pas. Vandag begin ons Griekse avontuur in alle erns en teen 14:00 kan ons by Marina Zea aan boord ons eksklusiewe boetiek seiljag gaan. Marina Zea is 'n moderne en gesogte hawe in die historiese Piraeus gebied, waar talle jagte vasgemeer staan en jy 'n keuse het om restaurante, kafees, winkels en 'n promenade te verken voordat ons vertrek.

Gaste wat vroeër arriveer kan hul bagasie op die skip stoor. Met aankoms aan boord word 'n verwelkomingsdrankie bedien en ons klink 'n glasie op die avontuur wat voorlê – Yamas! – op nuwe herinneringe onder die Mediterreense son.

Ons vaar die helder blou waters van die Saroniese en Egeïese see in op pad na pragtige bestemmings wat deel is van Griekeland se bekende see landskappe: eers verby Kaap Sounion en die Tempel van Poseidon en later na die rustige eiland van Kea, waar jy ná ete tyd het om die klein hawe van Coressia te ontdek.

**Kea (Verwelkomingsdrankie en Aandete)**





# DAG 4: 21 Augustus 2027

## Delos - Mykonos

Vandag kombineer ons die ryk geskiedenis van Delos, 'n UNESCO-bewaarde eiland en mitiese geboorteplek van Apollo, met die lewendige energie van die Griekse eilande. Jy kan die oggend die antieke ruïnes met 'n opsionele toer verken voordat ons koers kies na Mykonos. Op pad hou ons stil vir 'n verfrissende swem sodat jy die kristalhelder Egeïese See eerstehands kan ervaar.

Die middag en aand is joune om Mykonos se unieke atmosfeer te geniet— verken die fotogeniese straatjies van Mykonos met sy witgekalkte huise of onstpan by sypaadjie kafees en Mediterreense bistro's. Maak seker jy stop by die ikoniese windmeulens van Kato Mili, een van die bekende kenmerke van die eiland wat sigbaar is vanaf byna enige punt in die dorpie. Mykonos is ook wêreldwyd bekend as 'n kosmopolitaanse eiland met 'n lewendige kombinasie van stylvolle winkels, romantiese "Little Venice" area's met 'n energieke strand en naglewe kultuur. Laatnag lig ons die anker en vaar na die ikoniese kranse van Santorini.

**Oornag: Mykonos (Ontbyt en Middagete)**

## DAG 5: 22 Augustus 2027

### Santorini

Ons oggend begin ontspanne met koffie en ontbyt op die dek terwyl ons vanaf Mykonos na die skouspelagtige Santorini seil. Hierdie vulkaniese eiland bied veel meer as net sy bekende blou koepels; dit is 'n wêreld van kontraste waar witgekalkte dorpe soos Fira en Oia dramaties teen die kranse van die kaldera uittroon.

Jy het die vryheid om Santorini teen jou eie pas te ontdek — dwaal deur die doolhof van smal straatjies, geniet die onverbeterlike uitsig oor die Egeïese See of verken die eiland se unieke vulkaniese strande met hul kenmerkende swart sand.

Tussenin kan jy by 'n plaaslike taverna vertoef, 'n glasie eilandwyn lig en smul aan tradisionele *tomatokeftedes* — Santorini se geliefde tamatievetkoekies, gemaak van die eiland se soet, sonryp tamaties wat hul intense geur aan die vulkaniese grond te danke het.

Vir die kultuurliefhebbers is daar die opsionele toer na die prehistoriese stad Akrotiri, wat 'n fassinerende blik bied op 'n beskawing wat eeue gelede onder vulkaniese as begrawe is. Of jy nou die ryk geskiedenis verken of bloot die sonsondergang bewonder, Santorini se dramatiese landskap en unieke sjarme laat 'n blywende indruk op almal wat sy kus besoek. Laatnag word die anker gelig en vaar ons na verder na Kreta.

**Oornag: Santorini (Ontbyt en Middagete)**









# DAG 6: 23 Augustus 2027

## Kreta

Ons meer vanoggend aan die lewendige en historiese hawestad Rethymnon vas. Dit is hier waar die ryk nalatenskap van die Venetiane en Ottomane steeds in die argitektuur van die ou hawe weerspieël word. Vir diegene wat die geheime van Europa se oudste beskawing wil ontdek, is daar 'n opsionele uitstappie na die mitiese paleis van Knossos - die hart van die antieke Minoïese ryk. Vandag kan jy die res van Rethymnon verken.

Laataand verlaat ons die bedrywige Kreta vir die afgeleë skoonheid van Kythira. Die oornagvaart bied die perfekte geleentheid om onder die sterrehemel te ontspan en die dag se indrukke te verwerk voordat ons môreoggend by 'n nuwe kuslyn wakker word.

**Oornag: Kreta (Ontbyt en Aandete)**

# DAG 7: 24 Augustus 2027

## Kythira

Vandag ontdek ons een van die Egeïese See se ware verborge juwele. Ons oggend begin met 'n swemstop in die helder water rondom die kus van Kythira, voordat ons teen middagete die hawe binnevaar. Hierdie eiland het sy oorspronklike karakter pragtig behou, wat jou die kans gee om die Griekse eilandlewe in sy mees outentieke vorm te ervaar. Geniet 'n vrye middag en aand in die skilderagtige hoofdorp, Chora, waar die witgekalkte huise en rustige atmosfeer die perfekte geleentheid bied om die outentieke eilandlewe teen jou eie pas te beleef.

Neem jou tyd om deur die winkeltjies te dwaal, 'n koppie Griekse koffie te geniet en later die aand 'n glas uzo te lig – soos die plaaslike inwoners doen – ter viering van die eiland se tydlose sjarme.

Ons bemanning deel graag hul gunsteling-restaurante met jou vir 'n heerlike plaaslike aandete. Ons oornag in Kythira, Griekeland se bes bewaarde geheim wat jy as een van jou kosbaarste reisherinneringe sal beskou.

**Oornag: Kythira (Ontbyt en Middagete)**

# DAG 8: 25 Augustus 2027

## Monemvasia – Nafplion

Ons vaar vroegoggend oor die diepblou see na Monemvasia, een van Griekeland se mees indrukwekkende Middeleeuse vestingdorpe. Hierdie "klip-eiland", wat slegs deur 'n smal brug met die vasteland verbind is, het sy ontstaan reeds in die 6de eeu toe inwoners hierheen gevlug het vir beskerming teen invalle. Binne die massiewe mure ontvou 'n wêreld van geplaveide straatjies, Bisantynse kerke en elegante Venesiese herehuise – 'n plek waar tyd blykbaar stilgestaan het.

Ons vaar later vanmiddag verder na Nafplion, met nog 'n swemstop onderweg. Nafplion, Griekeland se eerste hoofstad ná onafhanklikheid, verwelkom ons met sy elegante argitektuur en romantiese karakter. Die ou stad se smal stegies, neo-klassieke geboue en skilderagtige pleine getuig van eeue se historiese invloede. Hoog bo die stad troon indrukwekkende vestings, terwyl die hawe 'n pragtige uitsig bied teen sonsondergang.





Vanaand kry jy tyd om hierdie besondere stad te ontdek, 'n rustige wandeling te geniet of in een van die plaaslike restaurante om die dag se herinnerringe te laat insink.

**Oornag: Nafplion (Ontbyt en Middagete)**

# DAG 9: 26 Augustus 2027

## Nafplion – Hydra – Athene

Na ontbyt kry jy die keuse om deel te neem aan 'n opsionele ekskursie na Mykene, een van Griekeland se mees ikoniese antieke plekke, met sy indrukwekkende mure en die beroemde grafmonumente van koning Agamemnon.

Ons vaar vanmiddag na die betowerende eiland Hydra, bekend vir sy prentjiemooi hawe, witgekalkte huise en motorvrye strate – waar tradisionele donkies steeds in gebruik is om besoekers van die hawe af deur die kronkelpaadjies van die dorp te vervoer.

Die eiland het kunstenaars soos Chagall en Picasso geïnspireer en bied 'n rustige atmosfeer om te verken – van blomryke balkonne en kleurvolle vensters tot die skoon lyne van die hawe en die glinsterende see.

Vanaand vier ons ons laaste aand op die boot en bring 'n ode aan Griekeland, die eksotiese plekke wat ons besoek het en die nuwe vriende wat ons gemaak het. Ons sluit die dag af met die Kaptein se afskeidsete aan boord, 'n tyd om saam te kuier, herinneringe te deel en die Egeïese See stil onder die maanlig te laat glinster. Ons keer terug na Marina Zea in Athene, waar ons ná middernag aankom.

**Oornag: Athene (Ontbyt en Kapteinsaandete)**

## DAG 10: 27 Augustus 2027

### Athene – Terugreis

Na ontbyt neem ons afskeid van die bemanning en ons medereisigers. Om 09:00 verlaat ons die boot om ons terugreis na Suid Afrika toe aan te pak.

**(Ontbyt en alles etes aan boord ons vlug)**

## DAG 11: 28 Augustus 2027

### Johannesburg

Welkom terug in Suid-Afrika! Jy is nou deel van 'n eksklusiewe groep wat aan die Leef Jou Reis-familie behoort. Mag die mooi van Griekeland jou vir ewig bybly.





# Bootreis: Jou klassieke Griekse Eiland ervaring

18 - 28 Augustus 2027

**R67 900** Per persoon wat 'n enkelbed-/ dubbelbedkajuit deel*
**R79 800** Per persoon in 'n enkelkajuit*

## Pakket Sluit In

- 1 Nag Hotelverblyf in Athene (Bed en Ontbyt)
- Bus vervoer vanaf Athene-lughawe na die hotel (Indien groepsvlugte gebruik word)
- Verwelkomingsdrankie in Athene
- Bus vervoer vanaf hotel na Marina Zea hawe
- Bus vervoer tussen Marina Zea hawe en Athene lughawe (Indien groepsvlugte gebruik word)
- 7-nagte-vaart in 'n luukse lugversorgde kajuit met 'n en suite-badkamer
- Verwelkomingsdrankie  aan boord
- Daaglikse buffetontbyt
- 4 x Driegangmiddagetes
- Verversings deur die dag wat onder andere koekies, vars vrugte, water, koffie en tee insluit
- Kapteinsaandete op die laaste aand
- Afsluitingsdrankie
- Besoekersbelasting en hawefooie
- Bagasiehantering
- Daaglikse kajuitdiens en handdoekomruiling

## Pakket Sluit Uit

- Retoervlugte tussen Johannesburg en Athene (ons kan jou help met vlugbesprekings)
- Binnelandse vlugte in Suid-Afrika
- Visum aansoek
- Aandetes (tensy anders gespesifiseer)
- Alle drankies (tensy anders gespesifiseer)
- Persoonlike uitgawes (Wi-Fi, wasgoed ens.)
- Wi-Fi aan boord
- Van die boot af uitstapppies
- Bemanning- en gidsfooitjies (ongeveer €18 per persoon per dag)



**Neem asseblief kennis dat hierdie Leef Jou Reis-toer begelei word deur 'n uiters bekwame en kundige span. Daar is te alle tye 'n Leef Jou Reis-spanlid wat gereed staan om enige bystand te verleen. Vanweë Leef Jou Reis se volgepakte jaarprogram, is dit helaas nie moontlik vir Gerrie om persoonlik by alle toere teenwoordig te wees nie. Hoewel sy teenwoordigheid dus nie gewaarborg kan word nie, kan jou gerief en genot wel deur ons geesdriftige toerleiers gewaarborg word!**

# Dinge Om Te Onthou

- Voorkeur word gegee aan besprekings wat eerste gemaak is.
- Suid-Afrikaanse paspoorthouers benodig 'n visa vir Griekeland wat nie by die prys ingesluit is nie. Ons sal jou egter tydens die aansoekproses bystaan en alle nodige dokumentasie verskaf.
- Jy benodig 'n paspoort met twee skoon bladsye wat geldig is vir 6 maande ná terugkeer (m.a.w. 28 Februarie 2028).
- 'n Leef Jou Reis-spanlid sal deurentyd beskikbaar wees om met alle vrae en inligting te help.
- Opsionele ekstras word aangebied met behulp van die Leef Jou Reis span, maar toerlede is vry om te kom en gaan soos hulle wil.
- Jy is in goeie hande en kan eenvoudig agteroor sit en die reis geniet, maar ook jou eie pas bepaal.
- Om die besienswaardighede op hierdie toer ten volle te kan geniet, moet jy relatief fiks en in staat wees om gemaklik sowat 2 kilometer deur die dag te stap.
- Kom met 'n oop gemoed en maak nuwe vriende.
- Ongeveer 'n week voor ons vertrek, skep ons 'n WhatsApp-groep om inligting deur te gee. Dit is jou kommunikasiekanaal met Leef Jou Reis. Maak asseblief seker dat jy al die korrekte selfoonnommers op jou besprekingsvorm verskaf om by die groep ingesluit te word. Tydens en ná die toer sal ons ook foto's en video's hier deel.
- Neem asseblief ook kennis dat hierdie reisprogram dien slegs as 'n gids en kan om operasionele aangepas word.





# Bootreis: Jou klassieke Griekse Eiland ervaring

18 - 28 Augustus 2027

**R67 900** Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel*
**R79 800** Per persoon in 'n enkelkajuit*

## Wat Nou...?

Stappe om jou plek op die bootreis deur Griekeland te verseker:

### STAP 1

As jy by ons wil aansluit op hierdie opwindende toer, stuur jou e-posadres en selfoonnommer na leefjoureis@twf.co.za. Ons stuur dan die besprekingsvorm wat jy moet invul en terugstuur, saam met 'n afskrif van jou ID / paspoort en die bewys van betaling van die deposito.

### STAP 2

Hierdie reisplan is redelik volledig en behoort al die inligting te bevat wat jy gaan benodig. Ons stig nader aan die tyd 'n WhatsApp-groep vir verdere kommunikasie. Maak dus seker dat jy die korrekte selfoonnommer verskaf. Indien jy enige vrae het, stuur gerus 'n e-pos of WhatsApp
082 923 3626.

### STAP 3

Raak opgewonde en sien uit na die mees ongelooflike vakansie van jou lewe!

## Deposito

- Om jou plek op hierdie baie spesiale toer te verseker, vereis ons 'n nie-terugbetaalbare deposito van R10 000. Neem asseblief kennis dat ons verplig is om deposito's en administrasiefooie aan ons operateurs te betaal ten einde groepbesprekings te waarborg.
- Die volgende deposito van R15 000 is betaalbaar op 30 Augustus 2026.
- Die volgende deposito van R15 000 is betaalbaar op 30 November 2026.
- Die volgende deposito van R15 000 is betaalbaar op 1 Februarie 2027.
- Die balans sal teen 1 Mei 2027 betaalbaar wees.
- Hierdie pryse is gebaseer op EFT-betalings.
- Lees asseblief die bepalings en voorwaardes soos op die webwerf vervat.

## Bankbesonderhede & Prys

| | | |
|---|---|---|
| Rekening Naam | : | LeefJouReis TWF |
| Bank | : | Standard Bank |
| Takkode | : | 051001 |
| Rekeningnommer | : | 012324523 |

**Deposito verwysingsnommer: GREECE27 + NAAM & VAN**

Maak asseblief seker jy gebruik die korrekte verwysigsnommer en jy stuur 'n bewys van betaling aan ons by: leefjoureis@twf.co.za.

**R 67 900 Per persoon wat 'n enkelbed-/dubbelbedkajuit deel***
**R79 800 Per persoon in 'n enkelkajuit***

# LEEF JOU REIS

MET GERRIE PRETORIUS

## VIR MEER INLIGTING KONTAK ONS GERUS OP:


Selfoon: +27 82 923 3626

Epos: bookings@gerriepretorius.co.za | leefjoureis@twf.co.za

Webwerf: www.gerriepretorius.co.za


## BLY OP HOOGTE EN VOLG ONS OOK OP SOSIALE MEDIA:

Leef jou Reis Vriende @GerrieOfficial @Gerriepret

Leef jou Reis met Gerrie Pretorius


Managed by **Travel With Flair** At your service! Site IATA www.twf.travel | 0861 777 747 ASATA TWF